



## Gereformeerde kerk Pretoria(d)

[www.gkpretoria.org.za](http://www.gkpretoria.org.za) OF

[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: [kantoor@gkpretoria.org.za](mailto:kantoor@gkpretoria.org.za) Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

**10 Augustus 2014**

**EERSTE EREDIENS**—(9h00 )

**Skriflesing:** Jona 1 en 2

**Teks:** Jona 1:3

**Sing:** Ps. 145:1,2,10,12; Ps. 63:3;

Ps. 77:1,7; Ps. 65:2,7

### OM TERUG TE DEINS

Deur gewoon te sê daar is nie nog so 'n boek in die Bybel soos Jona nie, is eintlik maklik bewysbaar. Om van God op see te probeer weglug, om in die see gegooi te word maar jy word deel van 'n vis se ingewande, hy bid binne die vis, hy word uitgespoeg waar God die vis heen stuur, nie waar hy wat Jona wil gaan nie. Jona moet gaan preek waar hy werklik gedink het dit die minste sal werk.

Ons maak Jona oop eerstens aan die hand van hoe Jona teruggedeins het. In die tweede plek staan Jona voor 'n toets wat as toets vir die kerk gesien moet word. In die laaste plek om te beleef wat jy bely.

**KATKISASIE**— Katkisasie gaan normaal voort

Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>

**TWEEDE EREDIENS** (ná katkisasie)

**Skriflesing:** 2 Johannes 1:4-11

**Nederlandse Geloofsbelydenis :**

Artikel 19

**Teks:** Johannes 1:1-3; 14

**Sing:** Ps.86:6,7; Ps.123:1; Sb.5:1,2 (4-8)

### DIE NATURE VAN CHRISTUS

Wie art 19 Nederlandse Geloofsbelydenis mooi nalees en die Woord van God hierin nagaan, sal dadelik erken dat in baie opsigte eintlik nie gepraat word van ons verklaar die twee nature van Christus nie, want soos die leer van die uitverkiesing 'n mens klein moet maak, so ook nou weer hier.

### VISITASIE

Ons as gemeente sal DV op 14 Aug. 2014 visitasie ontvang. As enige lidmaat graag die visitatore wil ontmoet is u welkom om sodanige afspraak deur die skriba te reël. Die visitatore sal wees di. C Aucamp en H Stavast soos deur die klassis in Sept. 2013 ooreengekom.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tettol>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee.

Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan

gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

#### Predikant:

Ds. Petrus Venter

012- 3356130

0847042348 (P) 0845119620(C)

[pjventer@gkpretoria.org.za](mailto:pjventer@gkpretoria.org.za)

9 de Laan 880

Wonderboom-Suid

[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

#### Diensbeurt vandag Wyke 16 en 17(sluit in susters skinkbeurt)

Ouderlinge: Rudolf Bester en Frank Laubscher

Diakens: Abrie Möller en Adrianus Coertze

#### Diensbeurt (17/08) (Wyke 18 en 19)

Ouderlinge: Frikkie van Schalkwyk en Jan Fanoy

Diakens: Willem du Plooy

## DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

**Br Willie Buys** se gesondheid is steeds nie goed nie. Ons vertrou dat daar spoedig vir hom beterskap mag kom. Ons dink ook in ons gebede aan **sr Ansie Putter** wie se dogter in Amerika baie ernstig siek is. Mag die Here gee dat die behandeling mag slaag en daar vir haar genesing mag wees. **Br Johan Vosloo** se operasie aan sy knie is vir eers onbepaald uitgestel. Ons bid **sr Beatrix Vermeulen** herstel toe na die operasie wat sy moes ondergaan. Ons is die Here baie dankbaar vir die verbetering wat by **br Dries de Ridder** ingetree het. Mag die goeie hand van die Here wat hierdie ge nade bewerk dit ook bevestig en laat voortduur. Ons dink ook aan **sr Alta de Ridder** wie se rug baie probleme gee en dit moet oorweeg of n operasie sal kan plaasvind of nie. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaen bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan **sr Henta** wat hom moet bystaan. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

## 65+ SAMEKOMS

*Dit is wit, dit is blou//*

*Dit is vir jou om te onthou//*

*Ons kuier weer, // by die saal se deur ...*

Die volgende besondere geleentheid vir al die 65 “plussers” is DV 23 Aug. Dit vind plaas by ons kerksaal. 9h30-10h00. Laat weet asb. vir sr Amanda by kerkkantoor om teenwoordigheid te bevestig. 012-3262290

## BESKUITPROJEK

Graag spreek die susters verantwoordelik vir die beskuitprojek hulle dank uit vir die ruim skenkings wat wel toe ingekom het. Hulle is ook dankbaar vir almal wat help met die bakkery. Die projek is nou goed onderweg en behoort spoedig afgehandel te wees. Daar word nie verdere bestanddele benodig nie.

## KOLLEKTE

<b>Vandag: 1ste diens</b>	DVB	Thuso fonds
<b>2de diens</b>	DVB	Instand-houding
<b>17/08/2014 1ste diens</b>	DVB	Emeritaats-fonds
<b>2de diens</b>	DVB	Instand-houding

## DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
<b>14/08</b>	Kerksaatsverg. en visitasie (begin om 18h00)
<b>20/08</b>	Dii. Venter en Rossouw doen visitasie by Eloffsdal
<b>24/08</b>	Voorbereiding
<b>31/08</b>	Nagmaal en nabetragting
<b>01/09</b>	Ds. Venter langverlof begin

## PAUL KRUGER KINDERHUIS 75 jaar oud!

Die President Kruger kinderhuis is vanjaar 75 jaar oud. Daar word ‘n heerlike kuier vir 15 Aug. 2014 beplan met vermaak verskaf deur die Con Gracia sanggroep. Dit vind plaas by die Hoërskool Oos-Moot. Kaartjies beloop R200-00. Dit sluit ‘n ete in. Enige verdere navrae en aankope vir kaartjies kan of deur sr Retha v/d Merwe (0837520930) of sr Wilna v/d Merwe (0827764823) gedoen word.

## BEGRAAFPLAAS-HERSTEL

Die kerkraad het goedgekeur dat daar daadwerklik nou fondse bekom moet word om die begraafplaas van ons voorouers naby die Pienaarsrivier te herstel. Ons het die [projek](#) na al die nabygeleë gemeentes in Pretoria deurgee, maar die verwagting is dat ons as gemeente ons deel ook sal bydra om dit in ere te herstel. Besoek gerus ons [webblad](http://bit.ly/1q8Ag4h) by <http://bit.ly/1q8Ag4h>

Al die inligting is daar beskikbaar en ook die wyse waarop geldelik bygedra kan word. Ons hoop dat ons as gemeente daadwerklik sal kan help om die plek van die eerste erediens in Pretoria en dan veral hierdie oudste grafte weer “heel te maak”.

## **DIE EVANGELIE: MATTHEÛS**

*Vervolg van verledede week*

### **MATTHEÛS 19**

**19:1, oorkant die Jordaan** – Hierdie was die laaste besoek van Christus aan Galilea voor die kruisiging. Eers na Sy opstanding het Hy weer daarheen gegaan.

**Oorkant die Jordaan** - Nou was Hy op pad na Jerusalem, maar Hy gaan met die verder pad anderkant die Jordaanrivier en nie reguit, deur Samaria, nie. Die gebied daar, oos van die rivier, was Perea genoem. Die meer korrekte spelling is "Peraea". Dit het gestrek van die Jarmoekrivier in die noorde tot by die Annon in die suide. Herodus Antipas was daar regeerder in die vrugbare en vooruitstrewende gebied.

**19:2, groot menigtes** - Die plattelandse mense was daar minder onder die invloed van die Fariseërs. Daarom volg hulle Jesus, en het Hy nog geleentheid om hulle te leer en genesings te bewerk.

**19:3, van sy vrou te skei** – Die Fariseërs kom met opset met die volgende vraag, om Jesus op 'n klag van dwaalleer te vervolg, of om Hom ten minste van die mense te vervreem. Eintlik was dit 'n gevaarlike vraag om te beantwoord, terwyl Antipas sy broer se vrou, Herodias, as vrou geneem het. By die Fariseërs was daar al baie verskil oor hierdie vraag. Die volgelinge (ook genoem "skool van") rabbi Hillel het egskediging toegestaan om verskeie ander redes as net egbreuk. As 'n man net moeg geword het vir sy vrou, is dit toegelaat, of as hy 'n ander vrou wou hê, of as sy vrou se kosmaak net nie na sy smaak was nie. Die skool van rabbi Schammai was baie strenger, en het net by ware egbreuk skediging goedgekeur.

As Jesus dus 'n minder streng rigting inslaan in Sy antwoord, wou hulle Sy hele prediking belaglik maak. As Hy strenger oor die vraagstuk is, sou baie Hom ophou volg, en Hy kon dalk net soos Johannes die Doper in botsing met Herodus en sy hou-vrou kom.

**19:4-6, het julle nie gelees** – Christus verstriek hulle weer in hulle eie vraag deur hulle na die Woord van God te neem. Hulle eiewillige siening van die Woord word weer teen hulle gedraai, want hulle het voorgegee dat hulle die Wet so streng hou. Hy bring hulle by die oorspronklike daarstelling

van die huwelik deur God.

**Een vlees** – Die wonder van 'n huwelik en God se bedoeling daarmee word voor almal se oë uitgestal. Jesus gebruik die *enkelvoud*: man en vrou – nie "vroue" nie. In die begin was daar geen opening gelaat vir poligamie of egskediging nie. Waarom vra die Fariseërs nog daarvoor? Verstaan hulle dan nie?

**En gesê het** – In Gen 2:23-24 word die woorde wat Jesus hier gebruik het, aan Adam toegeskryf. As Jesus sê **God** het dit gesê, beteken dit dat Adam onder die HERE se inspirasie hierdie woorde gebruik het.

**Aankleef** – Letterlik: hy sal aan sy vrou "vasgeplak wees". In Engels kan die woord "adhere" gebruik word. Dit druk die naaste, sterkste en hoogste moontlike binding uit – selfs hoër as die binding aan die ouers uit wie die man gebore is! In die huwelik kom daar 'n geestelike en fisiese binding, sodat die twee *werklik één* word. Paulus beklemtoon hierdie eenheid ook in 1 Kor 6:16 en Efes 5:31.

**Sodat hulle nie meer twee is nie** – die gebruik van die Grieks is so, dat dit aanwys dat Jesus nou nie net van Adam en Eva praat nie, maar van alle huwelike.

**Mag geen mens skei nie** – Egskediging behoort vir ons net so onmoontlik te wees, as wat 'n mens jousef kan skei.

**19:7, het Moses dan beveel** – Die Fariseërs maak hiermee van Moses se persoon 'n grootheid teenoor God, Wie tog hierdie Woord deur Moses gegee het. Al kon hulle baie vroom uit Moses en die Profete aanhaal (die Ou Testament), was dit telkens om hulle eie bedoelings in te lees daarin. Hulle meen dat hulle Jesus nou met 'n aanhaling uit die Skrif (Deut 24:1,2) in 'n hoek sou dryf. As Hy Moses sou weerspreek, staan Hy teen die Woord.

(Hulle maak maar net soos die duivel by die versoeking in die woestyn, toe hy ook met 'n mis-aanhaling uit die Woord gekom het. Dit toon duidelik waarom Jesus hulle later kinders van Satan genoem het. Die vader van die leuen is *hulle vader*.)

Hulle fout was dat hulle nie wou besef het dat hulle in Jesus te doen het met die Woord Self nie. Hy is ook die *inhoud* van die Woord.

*Word vervolg*

## **HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-**

1 Aug. 1888– Oprigting Staatsdrukkery; 2 Aug. 1778– Eerw Erasmus Smit gebore; 3 Aug. 1853– Eerste Algemene Kerkvergadering op Potchefstroom; 3 Aug. 1863– Eerw Erasmus Smit oorlede; 4 Aug. 1688– Derde skip met die Franse Hugenate vertrek uit Nederland; 4 Aug. 1914– Uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog; 5 Aug. 1866– Ds. Dirk Postma bevestig as predikant van Burgersdorp; 5 Aug. 1939– Dr. HCM Fourie oorlede; 10 Aug. 1783– Louis Trichardt gebore; 13 Aug. 1901– Kalman Lion Cachet sneuwel tydens Tweede Vryheidsoorlog; 15 Aug. 1865– Louw Wepener sterwe; 18 Aug. 1665– Eerste voltydse predikant ds. Johan van Arkel kom in Kaapstad aan; 20 Aug. 1653– Eerste doopbediening aan die Kaap deur ds. J Backerus; 24 Aug. 1572– Bartholomeusnag; 24 Aug. 1801– Ds. Daniel Lindley gebore; 24 Aug. 1958– Adv JG Strijdom oorlede; 25 Aug. 1688– Aankoms van die eerste Hugenate; 26 Aug. 1914– Nasionale Party word gestig; 26 Aug. 1919– Dood van genl. Louis Botha; 27 Aug. 1933– Eerste Afrikaanse Bybelvertaling on gebruik geneem; 28 Aug. 1799– Susanna Smit (egg Errasmus Smit suster van genl. Maritz) gebore; 28 Aug. 1887– Jopie Fourie gebore; 29 Aug. 1688– Ds. Pierre Simond sluit hom by Hugenate aan; 30 Aug. 1864– Siener van Rensburg gebore

**“PILAAAR EN GRONDSLAG VAN DIE WAARHEID” (3) - P Niemeijer**

Vervolg van verlede week

**Die waarheid**

Die apostel vat hierdie één waarheid kort saam in hoofstuk 2: daar is maar één God, één Middelaar tussen God en mense, die mens Christus Jesus wat Homself as losprys gegee het vir almal. En in hoofstuk 3 vat hy dit nogeens saam as hy op Christus wys as die inhoud van die waarheid, die groot geheim van ons godsaligheid, die misterie van ons geloof: Hy is geopenbaar indie vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlijkheid. Hoor u dit? Die waarheid word 'n lied: 'n lofsang op Christus! Die leer is nie 'n teorie nie, dit is die leer aangaande Hom wat die groot misterie is van ons geloof, so skryf Paulus, die geheim agter ons godsaligheid. God se waarheid is nie 'n teorie wat deur duiwels ook beaam kan word nie (Jakobus 2:19). God se waarheid bring geloof en nuwe lewe in ons harte: die egte, ewige lewe. Godsaligheid. Waarheid kan nie met onheiligheid en onreg vereenselwig word nie. Hierdie waarheid is nie 'n klein kernwaarheid nie. Dit is die waarheid wat in die geheel van die Skrif aan ons geopenbaar word. Die Ou en Nuwe Testament leer ons nie allerlei los en teoretiese waarhede nie, maar die één waarheid van God en sy Christus. Daarom rig ons geloof hom ook nie op 'n aantal "basiswaarhede" iewers in die Skrif nie, maar op alles wat God aan ons in sy Woord openbaar (Heidelbergse Kategismus, antw. 21). Op alles wat Christus aan ons opdra deur sy Gees en deur sy apostels. Op die leer van "die Ou en Nuwe Testament", wat "die volkome leer van die saligheid is" (vgl. die Formulier vir die Aflegging van Belydenis van Geloof). Dié leer is vir ons saamgevat in die drie formuliere van eenheid. Die formuliere vat God se Woord saam. Dit wil sê: hulle stem in alle dele geheel en al ooreen met God se Woord. So is dit verwoord in die ondertekeningformulier vir ampsdraers. As ons as kerke in ons belydenisse ons aan iets anders of iets méér bind, is ons nie katoliek en christelik nie, maar sektaries. Ons binding aan die drie formuliere is inhoudelik nie anders as ons binding aan die leer van God se Woord nie. Ons bind ons daarmee ook nie bó die Woord nie: as ons belydenis 'n versameling los diskusseerbare leerstukke sou bevat, sou dit nie 'n belydenis van geloof nie, maar 'n stel teorieë wees. ...

*Vervolg*

**DIE KWARTELTJIE- 15 jaar!**

**Die Kwarteltjie –ons as gemeente se kwartaallike gemeentebld is vanjaar 15 jaar reeds aan die gang. Die volgende uitgawe wil graag op die afgelope 15 jaar fokus. U moet asseblief Let op die sperdatum—Woensdag 13 Aug. 2014. Br Nandor het laat weet—Diegene wat 'n bydrae wil lewer moet asb teen dan inligting stuur aan sr Elmi Bester, e-pos [elmibester@gmail.com](mailto:elmibester@gmail.com) of Nándor Sarkady, e-pos [argief@nhk.co.za](mailto:argief@nhk.co.za) stuur.**

14/08– Lukas Huisman  
0722449467

*Mag u ryklik geseënd wees met goeie  
gesondheid, liefde en vreugde die hele  
jaar deur \* 80 jaar en ouer*

**Bate geluk met  
u verjaarsdag**